PROSPEKTUS 2012

AFRIKAANSE HOËRSKOOL SASOLBURG

Inhoud

Boodskap van die skoolhoof	2
Skooldrag	2
Algemene oorsig	3
Akademie	4 & 5
Kultuur	6
Sport	7 & 8
Algemeen	9 & 10
Vakkeuse	11

Kontaknommers:
Mnr D H Kleynhans 016 976 1060
E-pos: affies@lantic.net

Webadres: www.affies-sasolburg.co.za
Kontak: charlotteb@lantic.net

Affies: Onderskeiding in die lewe

Boodskap van die skoolhoof

Beste Graad Sewe Maat

Dis sowaar al tyd om te besluit na watter hoërskool toe jy volgende jaar gaan!

Indien Affies jou keuse is, wag ‘n heerlike avontuur op jou:

- Affies se vakkeuse bied jou alles wat jy mag nodig kry vir universiteitstoelating en die loopbaan van jou keuse;
- Affies se personeel is ervare en toegewyd en is bekend daarvoor dat hulle werklik ‘n saak het met ‘n kind;
- Affies se gees kook! Hoendervleis is gewaarborg elke keer dat die skoollied deur die Affies gesing word.
- Affies se akademie is van die beste en ons staan in niks en niemand se skaduwee nie!
- Affies se sport is puik en ons sportmangees pas by nederige wenners. Wanneer ons verloor probeer ons met waardigheid weer!

WELKOM BY AFFIES!!

Jou ouers kan jou nou reeds by die skool kom inskryf. Moenie te lank wag nie en maak seker van ‘n plek in hierdie ***great*** skool. Onthou asseblief dat jy jou geboortesertifikaat of identiteitsdokument en ‘n oorplasingsertifikaat by inskrywing moet voorlê.

Geagte Ouers

Ons skool se visie is om “’n vol, funksionerende en presterende skool vir die Sasolburg gemeenskap“ te wees. Ons skool is vol: ons skoolrol is reeds vir jare hoër as die amptelike kapasiteit van 750. Die mooi getal van 151 graad 8’s het in Januarie 2011 Affies as hoërskool gekies. Dit beteken dat Affies steeds die mees verteenwoordigende skool van die Sasolburg gemeenskap is. Daar is genoeg bewyse van Affies se prestasies en ons is tevrede in die wete dat ons deel van ‘n funksionele skool is. Oud-Affie onderwysstudente kom graag terug na ons vir hulle praktiese sessies. Ons geniet elke hoogtepunt en leer uit laagtepunte. Ons strewe daarna om die beste VIR die wêreld te wees, selfs wanneer ons nie daarin slaag om die beste IN die wêreld te wees nie.

Op hierdie bladsye sal u ‘n beeld kry van dit wat Afrikaanse Hoërskool bied. Dit is ‘n skool waar u kind ‘n gebalanseerde opvoeding kry met waardes wat vir u belangrik is. Ons wil u uitnooi om u kind by ons in te skryf. Ons onderneem om na sy/haar akademiese vordering om te sien, om gesonde sport- en kulturele aktiwiteite aan te moedig en u kind te help vorm tot ‘n volwaardige volwassene.

Skooldrag

DOGTERS: Wit hemp met das, turkoois romp, turkoois oortrektrui, grys kniekouse, swart skoene, skoolbaadjie. Windbreker, grys skooltrui, grys broekiekouse en romp/skoollangbroek in die winter.

SEUNS: Wit hemp met das, turkoois oortrektrui, grys broek, grys kouse, swart skoene, skoolbaadjie. Winter: Windbreker, grys skooltrui .

Verskaffers: Sedgars, Vereeniging.

Wat Affies alles bied

- Parallelmedium onderrig
- Meer as 20 buitemuurse aktiwiteite
- Godsdiensonderrig deur onderwysers
- Deelname aan Nasionale Olimpiades
- Beurse vir presteerders
- Kunswedstryde
- Toere en Kampe

AKADEMIE
Wiskunde Olimpiade
Amesa-Sasol Wiskundekompetisie
Wiskunde en Skeinat Akademies
Dans, Kuns, Drama
Fisiese Wetenskap
Afrikaans Olimpiade
Toerisme
Mintek en Sasol Minquiz
Bio-Science olimpiade
TechnoX projekte
Wêreldkennis Olimpiade

KULTUUR
Skoolkoerant
VCSV
Debat
Koor
Skoolorkes
Skaak
Gospelgroep
Mimiekgroep
Voortrekkers
Kunswedstryde
Toneel
Spaanse danse (gesubsidieerde Buitemuurse aktiwiteit)

ALGEMEEN
Trompoppies
Valentynsbal
Mnr en Mej Affies
Lentetee
VCSV-kampe
Kampe in graadverband
Rekenaarsentrums
Avontuurklub
Biblioteek
Binne- en buitelandse toere
F1 in skole

SPORT
Rugby
Netbal
Hokkie
Muurbal
Krieket
Gholf
Sokker
Atletiek
Swem
Landloop
Tennis
Skiet
Bergfietsry

Akademie

Skoolgaan draai primêr om akademie. Dit gaan goed met ons skool omdat Affies beskik oor toegewyde onderwysers en gemotiveerde leerders. Die kwartaalikse Top 10-funksie is 'n prestigegeleentheid wat deur genooide ouers bygewoon word. Hier word erkenning aan die akademiese toppresteerders in elke graad gegee.

Met 'n slaagsyfer van 96,53% het dit goed gegaan met die Matrieks van 2010. 144 kandidate lê die eksamen af, 5 druip, 65 onderskeidings is behaal. 86% leerders het vrystelling vir verdere studie. (54 leerders vir diplomakursusse en 71 vir graadkursusse.) Kobus Swanepoel en Madelein van Straaten behaal elk 7 onderskeidings.

Die Hoof, mnr Kleynhans, dien op die raad van Flavius Mareka FET College. Affie-onderwysers dien op 'n verskeidenheid akademiese-, sport en kultuur= komitees. Vier Affie-onderwysers is Vrystaat Eksaminatore: mnr Francois Minnie (Biologie), mev. Marina Theron (Afrikaans), mev. Charlotte Bresser (Visuele Kuns) en mev. Carli Olivier (dansstudies). Verskeie onderwysers is as nasieners, senior- en hoofnasieners by die eindeksamen betrokke.

AFRIKAANS OLIMPIADE: Affies neem jaarliks aan die ATKV Afrikaans-olimpiade deel. In 2010 het 3 Affieleerders onder die Top 20 in die Vrystaat geëindig. Met die ter perse gaan was 2011 se uitslae nog nie bekend nie.

HARMONY SA WISKUNDE OLIMPIADE: 17 leerders neem deel en 5 het reeds na die 2de rondte deurgedring. Die 2011 olimpiade is nog nie afgehandel nie.

AMESA/SASOL WISKUNDE UITDAGING: 35 leerders neem deel. Die 2011 uitslae is nog uitstaande.

BIO-SCIENCE OLIMPIADE GR 8 & 9: Joané de Jager behaal in 2011 gesamentlik die 8ste plek landswyd. Sy presteer die beste in die Vaaldriehoek.

Akademie

WISKUNDE AKADEMIE: Die Akademie is 'n gratis diens slegs aan Affies. Bywoning is vrywillig en daar word voorsiening gemaak vir presteerders sowel as vir leerders met behoefte aan ekstra hulp.

NATUURWETENSKAPPE: Die skeinat akademie is gratis, bywoning is vrywillig en daar word vir alle leerderbehoeftes voorsiening gemaak.

DRAMA word as vak by Affies aangebied. Daar word elke jaar, in die eindeksamen, topprestasies in die vak gelewer.

VISUELE KUNS: Affies se kunsleerders lewer gereeld van die top prestasies in die Vrystaat. Ons neem jaarliks aan kunswedstryde deel. Die matrieks se skoolkunsloopbaan word aan die einde van elke jaar met 'n kunsuitstalling afgesluit. In 2011 se Vereeniging kunsfees behaal die Affie-kunstenaars die volgende punte: een A++ met spesiale vermelding wat die hoogste moontlike prestasie op die kunsfees is, elf A++ simbole, elf A+ simbole, elf A simbole en drie B+.

TOERISME: Toerisme fokus op kennis, die houding en ontwikke= ling van ons land en sy bronne deur die ontginning en bemarking daarvan. Die leerders maak kennis met die toerismepraktyk, asook van die werkskeppingsgeleenthede wat dit aan 'n voornemende entre= preneur bied. Toere en uitstappies word gereeld onderneem.

VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING: Affie onderwysers woon elke jaar opleidingsgeleenthede in al die vakke en leerareas by. Enkele Affie-onderwysers is ook by die opleiding van Vrystaatse onderwysers betrokke.

Kultuur

DANS: Affies is die eerste skool in die Vrystaat wat Dans as vak aangebied het. Carli Olivier (IDB), goue medaljewenner op die wêreldkampioenskappe en oud-Affie, is Spaanse dansonderwyseres by Affies. Verskeie danseresse lê jaarliks die internasionale *Spanish Dance Society* eksamens af. By die vorige *Vaal Dance Festival* verower hulle 3 100%-simbole, twee bo 95% en een 90% sertifikaat.

SKOOLKOERANT: Die Padda verskyn kwartaalliks en word deur die aspirantjoernaliste van die redaksie moontlik gemaak.

KOOR: Die koor tree dikwels op en het vanjaar al in kerke en by "Ons Gryse Jeug" gesing. Hulle neem later vanjaar aan die kunswedstryd deel.

DIE AFFIES MUSIEKMAKERS speel gospelmusiek en begelei met saal= opening. "Annie-brand vir Jesus" is 'n musiekgroep wat geestelike musiek speel waarvan tieners hou.

MIMIEKGROEP: Affies se mimiekgroep, X-Praise, bestaan al 10 jaar lank. Hulle is 'n groep leerders wat hulle Christenskap uitleef deur bewegings op maat van musiek uit te voer. Hulle dra op hierdie manier die Christelike boodskap uit.

GOSPEL GROUP: Die groep gee uiting aan hulle unieke talent om spontaan te harmonieer en so die Here te prys. Die groep bestaan vanjaar uit 17 lede en die leiers is Mpolokeng en Lebo.

SKAAK: Affies neem vanjaar aan die Sedibeng Hoërskoleliga en die Saddlestoernooi deel. Vier Affies neem vir die Sedibengspan aan die SA Junior Skaakkampioenskappe deel: Barend vd Berg, Johan Stewart, Jonathan James en Robin Kruger. Ons neem aan verskeie teornooie deel: Emerald Casino ope, Eligwa ope, Driehoek ope.

TONEEL is belangrik by Affies en ons neem aan kompetisies en kunswedstryde deel. Mees onlangse prestasies sluit in: 1 A++ en 3 A+ simbole op Vereeniging kunsfees, 5 ATKV toekennings, Bobaastoekenning, 3 A++ en 1 A+ by die vorige Vaaloewerse kunswedstryd.

DEBAT EN REDENAARS: Die debatsvereniging hou elke kwartaal 'n byeenkoms waar sprekers meeding. Aan Die einde van die jaar word die beste sprekers aangewys. Die sprekers neem aan die ATKV-redenaarskompetisie en die Vaaldriehoek debatliga deel.

Sport

MERIETEBEURSE WORD JAARLIKS AAN UITBLINKERS TOEGEKEN

RUGBY

As deel van ons voor-seisoen voorbereidingsprogram, neem ons Rugby deel aan die Tswane Universiteit van Tegnologie (TUT) se Super 16 reeks vir klein skole.

Affies-rugby neem aan die liga vir medium skole in die Valkestreek deel. (O/14A, O/15A, O/16A, 2e, 1ste span.) Al die spanne speel in die kwarteindrondte van die Valke. Die O/15- en O/16-spanne speel in die semi-finale. Twee Affies speel in Valkespanne: Rholane Ncubuka (O/16 Grant Khomo) en Johan du Toit (O/16 Valke uitn). Twee Affies speel in die Vaaldriehoek Bokkieweek spanne: George Neuhoff(O/18),Reinhardt Swanepoel(O/16)

NASIONALE TOERE EN RUGBYWEKE: Die O/16-span toer gedurende die Aprilvakansie na Stellenbosch. Johan du Toit en Reinhardt Swanepoel is in die O/16 Barbarianspan, wat gedurende die Septembervakansie na Portugal toer, ingesluit. Mnr Henro Read is aangewys as hoofafrigter van die O/16 Barbariantoerspan. Mnr. Read word verkies tot die Valke Amateur- asook die Valke Plattelandspan.

Affies-rugby is 'n sterk mededinger in die Valke liga vir mediumskole. Seuns word aangemoedig om rugby te speel. Dit help hulle liggame fisies ontwikkel en verbeter dissipline en vaardighede. Word deel van die wenkultuur van Affies-rugby.

NETBAL

Affies neem suksesvol aan die Super 16 TUT-reeks deel en die o/19-span speel vir die eerste twee posisies uit. Ons toer na die *Raloka Netball Ranch* naby Brits. Die kursus word deur Elize Kotze, Protea netbalafrigter, aangebied. Agt spelers word in die Vaalrivierspan ingesluit. Piletsa Motshabi is gekies vir die Jaguar-span. Teenstanders, maak gereed vir 2012: ons oefen reeds doele en senterafgooie vir 2012!

KRIEKET

Die Eerste Krieketspan het ‘n geslaagde 2010 seisoen gehad en sien uit na ‘n nog beter 2011-seisoen. Arnandé Botes is vir die o/15 Vrystaatspan en Abrie Erasmus vir die Vrystaat o/17 Plattelandspan gekies. Affies het al in die verlede Vrystaat Nuffield- en PG Bisonspelers opgelewer.

Affies se krieketgeriewe is van die beste in die Vaaldriehoek, nl. twee sementnette en vyf turfnette, asook twee krieketvelde. Affies was in die verlede en is nog steeds ‘n krieketkrag in die Vaaldriehoek asook in die Noord-Vrystaat.

Sport

HOKKIE
Die eerstespan en die O/16-span het die seisoen begin met ‘n baie suksesvolle toer na Bushwillows naby Hartebeesfontein. Die o/15-dogters en o/16-seuns toer na Margate. Die eerstespan en die O/16-span moet nog uitspeel vir die eerste en tweede plekke in die TUT Super 16 liga. Die O/16-span dring deur na die kwartfinale rondte van die Noordvaal Mediumskolekompetisie.
Sewe Affies speel in Fezile Dabi-spanne en drie spelers word in die Noord-Vrystaatspan ingesluit.
SEUNSHOKKIE: Affies se seunshokkiespanne kook: ons lewer twee Fezile Dabispelers en een Noord-Vrystaat speler. Die O/18-seunshokkiespan beplan ‘n toer na Holland vir 2012.

ATLETIEK
Die Affies het ‘n suksesvolle 2011 atletiekseisoen agter die rug. Dertig atlete neem aan die Vrystaat Kampioenskappe deel en behaal vyf derdeplekke, vier tweedeplekke en Saira-Lee Nel se eersteplek in die hamergooi. Vier atlete word gekies om die Vrystaat in die SA byeenkoms te verteenwoordig: Amishka Hattingh, Saira-Lee Nel, George Neuhoff en Sumé Otto. Saira-Lee verower ‘n bronsmedalje in die hamergooi. Saira-Lee en Sumé word genooi na die SA Jeugspele in Germiston.

SOKKER: Affies het ‘n aktiewe sokkerspan wat gereeld vriendskaplike en ligawedstyde speel. Die span speel in die Kay Motsepe kompetisie sowel as die Sasol-, Metropolitan- en Vaalrivier sokkerligas.

SWEM: Affies se jaarlikse skoolliga is groot pret en ‘n heerlike sosiale geleentheid. Tjaart du Toit wen verskeie medaljes op die NVS swembyeenkoms en wen ‘n bronsmedalje in Bloemfontein.

TENNIS
Vyf spanne het vanjaar vir die Vaalrivierliga ingeskryf. Lucas Lombard verteenwoordig die Vrystaat en Konri Bekker Noord Vrystaat. Michael Ellis van TNT Sport Management rig die Affies vanjaar af. Die eerste seunspan eindig eerste in die Noord Vrystaat en die O/15-seunspan eindig tweede in die Noord-Vrystaat.

BERGFIETSRY: Affies se span is baie entoesiasties en neem gereeld aan byeenkomste deel.

SKYFSKIET
Dit gaan goed met skiet by Affies. Ons leerders het gekwalifiseer vir Provinsiale kleure en neem in September aan die SA Kampioenskappe deel. Drie leerders neem aan die SA Byeenkoms deel.

Algemeen

LEWENSTRATEEG
Affies is die eerste skool wat 'n lewenstrateeg voltyds in diens geneem het, in samewerking met Kohin. Mevrou Uzanne Barnard is 'n gekwalifiseerde berader wat 'n belangrike funksie by die skool vervul.

MNR EN MEJ AFFIES
Hierdie glansgeleentheid vind jaarliks plaas. Die finaliste word deur toonaangewende boetieks geklee, groot name in die vermaaklikheidsbedryf tree as gaskunstenaars op en die hoogtepunt van die aand is die verskyning van die finaliste in die droomskeppings van 'n topontwerper. Groot pryse is op die spel.

FORMULE 1 IN SKOLE
F1 in skole is 'n internasionale kompetisie waar leerders van ouderdomme 11-18 'n model formule 1 motortjie, aangedryf deur CO_2 gas, met 'n CAD-program ontwerp en bou. Affies het reeds tweekeer aan die internasionale kompetisies in Londen en Singapoer deelgeneem.

TROMPOPPIES
Affies se trompoppies verleen luister aan geleenthede.

DIE VOORTREKKERS
is 'n kultuurorganisasie wat leerders se ontwikkeling met betrekking tot spanwerk, leierskapontwikkeling, interessante uitstappies, staptoere en kampe daarstel. Ons woon jaarliks gedurende Aprilvakansies die Provinsiekamp te Doornkloof by.

VALENTYNSBAL
Die formele bal, 'n rooitapytgeleentheid wat jaarliks by Affies gehou word, is een van ons lekker tradisies.

Algemeen

SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID

By Affies is ons deeglik bewus van ons sosiale verantwoordelikheid en kom dit op ‘n lekker manier na: Affies skenk gereeld bloed en fondsinsamelings ten bate van byv. die Jeugsorgsenrum en Gesinsorg word gereeld gehou. Dit neem byvoorbeeld die vorm van ‘n Hoededag of Pantoffeldag aan en word met groot entoesiasme ondersteun. Kunsleerders het ‘n voortdurende projek om die mure van die versorgingseenheid van “Ons Gryse Jeug” met muurskilderye te versier.

GODSDIENS

Affies het verskeie Godsdiensgeoriënteerde tradisies: Godsdiensperiodes word op georganiseerde wyse deur personeel waargeneem en Hemelvaartdiens, Kerssangdiens, Wêreldbiddag vir vroue en ‘n afskeidsbiduur vir die matrieks is enkele van die tradisies wat vir Affies belangrik is.

VCSV

Die VCSV vergader Dinsdae gedurende pouse, soms almal saam en soms in klein groepe, waartydens Bybelstudie in groepverband gedoen word, onder leiding van leiers wat elke jaar nuut gekies word en opleiding vir hulle taak ontvang. Groepprojekte behels onder andere die jaarlikse blokskilder: kringe kies ‘n slagspreuk en beeld dit visueel uit. Ons ontvang gereeld gaste, soos Acts Ambassadors, die VCSV diensjaarspan en John Matthews. Die VCSV loods gedurende die jaar verskillende projekte soos insamelings vir die kinderhuise en Ons Gryse Jeug. Die TAG’D kursus, wat handel oor verhoudings, is een van 2011 se projekte.

REKENAARSENTYRUM

Die skool beskik oor twee moderne, goedtoegeruste rekenaarsentrums.

AVONTUURKLUB

Die baie gewilde avontuurklub onderneem gereeld stap- en roeitoere na ‘n verskeidenheid bestemmings.

VERVOER

Busvervoer is teen ‘n billike tarief vanaf al die woonbuurte in Sasolburg en Vaalpark beskikbaar.

Vakkeuse
Graad 10, 11 & 12

VERPLIGTE EKSAMENVAKKE – GROEP A
AFRIKAANS HUISTAAL
ENGELS EERSTE ADDISIONELE TAAL
LEWENSORIËNTERING

KEUSEVAKKE –GROEP B
KEUSEVAK 1
WISKUNDE
WISKUNDIGE GELETTERDHEID

KEUSEVAK 2
REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE
REKENINGKUNDE
VERBRUIKERSTUDIE
GEOGRAFIE
DRAMATIESE KUNSTE

KEUSEVAK 3
LEWENSWETENSKAP
BESIGHEIDSTUDIE
INGENIEURSGRAFIKA EN –ONTWERP
VISUELE KUNSTE
DRAMATIESE KUNSTE

KEUSEVAK 4
NATUURWETENSKAP
TOERISME
SUID-SOTHO
REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE

OPMERKINGS

Minimum vereistes vir toelating tot die HOËR SERTIFIKAAT: 'n Nasionale Senior Sertifikaat.

Minimumvereistes vir toelating tot 'n DIPLOMA:
'n Nasionale Senior Sertifikaat met 'n prestasieaanslag van 3 (*Gemiddelde prestasie 40%-49%) of beter in vier erkende NSS 20-kredietvakke.*

Minimumvereistes vir toelating tot 'n BACCALAUREUS GRAAD:
'n Nasionale Senior Sertifikaat met 'n prestasieaanslag van 4 (*Bevredigende Prestasie, 50%-59%) of beter in vier vakke gekies uit die volgende erkende NSS 20-kredietvakke*
(wat bekend sal staan as die aangewese vaklys)

Rekeningkunde
Lewenswetenskap
Besigheidstudies
Wiskunde
Ingenieursgrafika en –ontwerp
Wiskundige geletterdheid
Geografie
Natuurwetenskap
Verbruikerstudie
Visuele Kunste
Tale